

Enkelvoudige sin: Onderwerp, Gesegde, Voorwerp, Bepalings

(Nota aan die onderwyser: Anders as in sommige handboeke, gebruik die KABV slegs die term “bepaling” – daar word dus geen onderskeid getref tussen ’ bepaling en ’n frase /sinsnede nie.)

1. Jy moet Willemien se foto van jou selfoon afhaal.
Skryf uit bostaande sin neer:
 - a) die onderwerp
 - b) die voorwerp
 - c) die gesegde
2. Brei die byvoeglike bepaling met sy fobie vir kieme uit tot 'n byvoeglike bysin.
3. Skryf die voorwerp van die onderstaande sin neer:
Hy prop blitsvinnig vier hoenders in sy rugsak in!
4. Skryf die voorwerp van die volgende sin neer: *Ons stel bekend ons braaimeesters.*
5. Skryf die onderwerp, voorwerp en gesegde van die volgende sin neer:
Julle sal 'n groter woonstel moet kry.
6. *Ek wil nie die kos verbrand nie.*
Skryf uit bostaande sin neer:
 - a) die onderwerp
 - b) die gesegde
7. *Iris het 'n jaar lank vergeefs gesukkel met 'n bol van die moederplant.*
Skryf die bywoordelike bepaling van tyd uit bostaande sin neer.
8. *Verlede Kersfees het ons baie sneeu gehad.*
 - (a) Skryf die onderwerp van bostaande sin neer.
 - (b) Skryf die voorwerp van bostaande sin neer.
 - (c) Watter sinsdeel is Verlede Kersfees?
9. Skryf die gesegde van die onderstaande sin neer: *Ek moes die kruideniersware kom aanvul.*
10. *Agter hom, onder 'n karos, het 'n jong paartjie gesit.*
Skryf uit bostaande sin neer:
 - a) die onderwerp
 - b) 'n bywoordelike bepaling van plek
11. *Hier soek hulle iets anders.*
 - a) Skryf die voorwerp van bostaande sin neer.
 - b) Watter sinsdeel is hier?
12. Brei die onderstaande sin uit met 'n bywoordelike bepaling: *Ek sal praktiese wenke verskaf.*
13. Brei die onderstaande sinne uit deur 'n byvoeglike bepaling by elke onderwerp te voeg:
 - a) Die boek moet nie gepubliseer word nie.
 - b) Honderde huise word vir dwelmhandel gebruik.
14. Brei die onderstaande sinne uit deur 'n bywoordelike bepaling by elk te voeg:
 - a) Ek het 'n nuwe wasmasjien nodig.
 - b) Dit lyk nie na 'n bekende virus wat die vlermuise aangeval het nie.
 - c) Die Pous moet gips dra.
15. Identifiseer die onderwerp en die voorwerp van die onderstaande sin:
Hy en sy vriende braai vleis en wors.
16. Brei die sin Oom Koos het 'n bokram by die kerkbasaar gewen uit met 'n byvoeglike bepaling by die voorwerp.
17. Brei die onderstaande enkelvoudige sin uit met 'n bywoordelike bepaling.

Ek sal met die muis afreken.

18. Dui aan wat die onderwerp en gesegde in onderstaande sin is:
Oom Koos het 'n bokram by die kerkbasaar gewen.

19. Skryf die onderwerp van die onderstaande sin neer:

Die kleinste bietjie gewikkel maak my bang.

20. Sonder om die betekenis te verander, verkort die onderstaande sin tot 'n enkelvoudige sin:

Afrika is glo nie net die wieg van die mensdom nie, maar dis ook dié van verkleurmannetjies

21. Skryf die onderstaande sin oor, maar voeg 'n bywoordelike bepaling in:

Nee, Pa, ek gaan vir die Argus-fietstoer oefen.

22. Brei die volgende sin deur middel van 'n bywoordelike bepaling uit:

Europa se topspan gaan in Potchefstroom tuis.

23. Skryf die onderwerp van die volgende sin neer:

In 2010 was Suid-Afrika gasheer van die wêreld se grootste sokkergeleentheid.

24. Reduseer (verkort) die onderstaande sin deur die byvoeglike bepaling uit die sin te haal.

Skryf slegs die verkorte sin as antwoord neer.

Andrew Jennings, Britse joernalis en skrywer van Foul! The Secret World of Fifa: Bribes, Vote Rigging and Ticket Scandals, stem nie volkome saam met dié uitspraak nie.

25. Brei die onderstaande sin uit deur 'n bywoordelike bepaling. Skryf die sin neer en onderstreep die bywoordelike bepaling wat jy bygevoeg het:

Sin: Dit lyk nie na 'n bekende virus wat die vlermuise aangeval het nie.

Saamgestelde sin: Hoofsinne en bysinne

1. Skryf die voorwerpsin wat in die onderstaande sin voorkom, neer:
Ontdek watter gesondheidsvoordeel dit vir jou hart inhou.
2. Skryf die bywoordelike bysin wat in die onderstaande sin voorkom, neer:
Meneer, Neelsie het met sy selfoon 'n foto van my geneem toe ek by die swembad gelê het.
3. Watter soort bysin is die onderstreepte gedeelte in die onderstaande sin:
McIlroy sal sy Nike-gholfstokke en -uitrusting die eerste keer aan die wêreldgehoor wys wanneer hy van môre af hier aan die Aboe Dhabi-kampioenskapstoernooi deelneem.
4. Skryf die voorwerpsin in die onderstaande sin neer:
En verskeie beroepspelers glo hy gaan nog die Amerikaner Tiger Woods se 14 oorwinnings in major-toernooie oortref.
5. Brei die onderstaande sin uit deur die byvoeglike bepaling as 'n byvoeglike bysin te skryf.
Skryf die sin volledig oor: *Frederik de Jager, uitgewershoof by Penguin Suid-Afrika, stem saam.*
6. Skryf die onderwerpsin wat in die onderstaande sin voorkom, neer:
Dat dit goeie nuus vir sommige van Afrikaans se gunstelingskrywers is, wat byna deur die bank eerder 'n gedrukte boek verkies, laat geen twyfel nie.
7. Brei die onderstreepte byvoeglike bepaling mense met die geloof dat avokado's vet maak uit tot 'n byvoeglike bysin.
8. Benoem die onderstreepte sinsdeel: *Ek het vir hulle gesê ek gaan 'n bietjie lê.*
9. Skryf die hoofsin van die onderstaande sin neer:
Dié nasionale wetenskapfees sal hoor hoe een van die grootste argeologiese vondste van die laaste paar jaar gemaak is.
10. Benoem die onderstreepte sinsdeel in die onderstaande sin:
Prof. Sarah Hainsworth van die Universiteit van Leicester gaan verduidelik hoe die wonde aan die koning se skelet gehelp het om hom te identifiseer.
10. Skryf die hoofsin van die onderstaande sin neer:
Polder kyk na die lelie wat met bultende knop roerloos voor ons staan.
11. Watter soort bysin is As ek in my hotelkamer sit in die onderstaande sin:
As ek in my hotelkamer sit, gaan ek niks ervaar nie.
12. *Pa het 'n sakkie koedoebiltong saamgegee wat hy eiehandig gedroog het.*
Watter soort bysin is wat hy eiehandig gedroog het?
13. *Ek het gewens ek het Johanna met my saamgebring.*
Skryf uit bostaande sin neer:
 - a) die hoofsin
 - b) die bysin
 - c) Benoem die bysin
14. *Ek het gewonder waarom Peter so 'n versteekte hotel gekies het.*
Skryf uit bostaande sin neer:
 - a) die hoofsin
 - b) die bysin
 - c) Benoem die bysin
15. Brei die onderstreepte woorde in die onderstaande sinne uit tot onderwerpsinne. Skryf die nuwe sinne volledig neer:
 - a) Die spreker se woorde het ons baie beïndruk.
 - b) Dit is nie moontlik om sonder geld te reis nie.
 - c) Sy bewerings sal met bewyse gestaaf moet word.

16. Brei die onderstreepte woorde in die onderstaande sinne uit tot voorwerpsinne. Skryf die nuwe sinne volledig neer:
 - a) Het jy gehoor van die olievonds in die Karoo?
 - b) Die waarde van hierdie versameling besef ons nou eers.
 - c) Besef julle die erns van julle oortreding?
17. Brei die onderstreepte woord in die onderstaande sin met 'n bysin uit. Herskryf die hele sin en onderstreep die bysin: Luané se gunstelingvak is Kuns.
18. Brei die volgende sin uit met 'n byvoeglike bysin: *Ons was 17 onervare ryers.*
19. Brei die onderwerp in die onderstaande sin deur middel van 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die hele sin neer en onderstreep die byvoeglike bysin:
Jou buurman sal beslis die geelbaadjie aantrek wanneer jy in jou nuwe "sportster" voor sy huis verbyflits!
20. Brei die onderwerp van die volgende vraagsin uit met behulp van 'n byvoeglike bysin:
Brand jy van nuuskierigheid om meer van 'n beginnerskrywer se geheime te wete te kom?
21. Brei die onderstaande sin uit met 'n byvoeglike bysin by die voëlprojek:
Volgens mnr. Wikus Gresse is die voëlprojek 'n groot sukses.
22. Brei die onderstaande sinne uit tot samegestelde sinne deur by elk 'n bywoordelike bysin te voeg:
 - a) Prins William en Kate Middleton se verhouding is verbreek.
 - b) Hy moes 'n noodlanding uitvoer.
 - c) Menseredders het twee vakansiegangers uit die see gered
23. Identifiseer die onderstreepte bysin:
Wat om die draai op ons wag, klink na 'n hoofstuk uit 'n sprokie.
24. Verander die bepaling 'gecombineerd met oefening' na 'n bysin.
25. Brei ''n grafiese ontwerper van Kaapstad' uit tot 'n byvoeglike bysin.
26. "*Bella het agter 'n rot, wat onder die plaat ingekruip het, aangehardloop.*"
 - a) Skryf die hoofsin neer.
 - b) Skryf die byvoeglike bysin neer.
27. Brei die onderstaande sin uit tot 'n samegestelde sin deur 'n byvoeglike bysin by te voeg: *Haar broer Zac is ook 'n seiljagvaarder.*
28. Brei die onderstaande sin uit tot 'n samegestelde sin deur 'n bywoordelike bysin by te voeg: *Ek verorber 'n dubbele worsrolletjie met tjips en 'n Coke.*
29. Dui aan wat die hoofsin en die bysin is in:
Toe ek as beste akteur op die ATKV-toneelkompetisie aangewys word, was die pad vorentoe duidelik.
30. Brei die volgende sin uit met 'n byvoeglike bysin:
Elke oggend het Toontjie homself aangemeld.
31. Skryf 'n bywoordelike bysin uit die onderstaande sin neer:
Sluit net ons deur wanneer julle loop.
32. Skryf die hoofsin van die sin neer. *Bel nou vir versekering waarop jy verlief kan raak.*
33. Benoem die onderstreepte sinsdeel: Dat dit die situasie is, is prysenswaardig.
34. Brei die onderwerp in die onderstaande sin met 'n bysin uit:
Aitsa, dat so 'n ou kermiskooi soveel verlange by 'n mens kan oproep.
35. Brei die onderwerp van die onderstaande sin met 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die sin oor en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy gebruik het. Sin: *My bekkie is skérp.*
36. Brei die onderstaande sin met 'n bywoordelike bysin uit. Skryf die sin neer en onderstreep die bywoordelike bysin wat jy bygevoeg het.
Almal weet dat dit ná WB 2010 'n ramp gaan wees.

Veelvoudige sinne, Sinsoorte, Sinswyse

1. Herskryf die onderstaande sin in die vraende wyse sodat die antwoord slegs 'Ja/Nee' kan wees:
Turbovite bevat Gingko en Ginseng om jou brein in snelrat te sit en vitamene en minerale om energie behoorlik deur jou lyf te laat vloei!
2. Skryf die sin Maar dis nie waar u drome geëindig het nie oor in die vraende wyse.
3. Verander die onderstaande vraagsin in 'n stelsin:
Hoekom dan neem vetsug toe en het dit epidemiese afmetings bereik?
4. Skryf die onderstaande sin oor in die Vraende wyse (as 'n vraagsin):
Dis tyd dat jy die seun die feite van die lewe vertel.
5. *Elke bruid verdien 'n sprokiestroue met 'n tikkie ekstra panache.*
 - a) Herskryf bostaande sin as 'n vraagsin deur slegs die huidige woorde in die sin te gebruik.
 - b) Brei die bepaling *met 'n tikkie ekstra panache* uit tot 'n byvoeglike bysin
6. *Dit spyt my, Ben, maar ek en Toetsie is op pad na 'n hondeskou.*
Bostaande sin is 'n voorbeeld van 'n ... sin.
A enkelvoudige
B onderskikkende
C veelvoudige
D neweskikkende
7. Skryf in die toevoegende wyse:
Kom kyk nou hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg.
8. Vorm 'n veelvoudige sin deur die twee onderstreepte gedeeltes saam te voeg:
In 2010
het hulle by die splinternuwe Potchefstroom-lughawe geland
het hulle as kampioene vertrek
9. Herskryf die onderstaande sin as 'n bevelsin:
Moet ons hulle maar laat maak net soos hulle lus het?
10. Verander die sin in 'n vraagsin deur net van die woorde wat in die sin voorkom, gebruik te maak: *Desperaat en doelgerig probeer hy agter die kap van die byl kom.*
11. Verander die volgende sin in 'n vraagsin deur slegs die woorde in die sin te gebruik:
"Finn het interessante karaktereienskappe en vaardighede."
12. *Suid-Afrika gaan die fokus van die wêreld wees.*
Herskryf die sin hierbo as 'n vraagsin.
13. Vorm 'n veelvoudige sin deur die onderstaande twee sinne saam te voeg:
Amptenare het oral in die ruskamp karkasse opgetel. Meer as 500 is in die linnekamer gekry.
14. Skryf die onderstaande sin oor in die gebiedende wyse:
'Ons hou egter die situasie dop.'